AFRIKAANS

# Tema 7

## Graad 6

Week 3: 4 - 8 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Maandag: 4 Mei

*Handboekverwysing p. 73*

Kyk na die prent aan die linkerkant van die skyfie en beantwoord vraag 1, 2, 3, 5 & 6 in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif vir aktiwiteit: Tema 7 Inleiding p. 73




Kyk na die foto en beantwoord die vrae.

1. Kyk na die figure van links na regs. Hoekom, dink jy, verskyn hulle in hierdie volgorde?
2. Waar sou jy inpas?
3. Hoekom staan die mense op 'n oop boek?
4. Daar is allerhande tekens in die agtergrond. Gesels met 'n maat en vind uit waarvoor hulle staan. Maak 'n lys van almal wat julle herken of kan ontsyfer.
5. Wat, dink jy, is die simboliek van die pad in die foto?
6. Dink jy die reënboog in die agtergrond pas? Gee 'n rede vir jou antwoord.

iereg ©

# Maandag: 4 Mei


*Handboekverwysing p. 75*

Opskrif vir aktiwiteit: Woordeskat p. 75

Slaan die volgende woorde in jou woordeboek na. Skryf elke woord met sy betekenis in jou Algemene Skryfboek. Die woorde moet in ALFABETIESE volgorde geskryf word, met elkeen se definisie langsaan.

Ek doen vir jou nr. 1 sodat jy kan sien wat ek verwag:


1. Afvalmateriaal: goed wat oorbly nadat iets verwerk is en wat gewoonlik weggegooi word.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 5 Mei

*Handboekverwysing p. 75-77*



Jy gaan nou 'n biografie oor Outa Lappies lees.

Wat is 'n biografie?

- ✓ 'n Biografie is 'n beskrywing van iemand se lewe deur 'n ander persoon.
- ✓ Dit word in die derdepersoonsvorm geskryf. Jy sal sien dat daar voornaamwoorde soos hy/hom en sy/haar gebruik word.

Lees nou die storie op die volgende skyfie aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 5 Mei

## Outa Lappies: 'n Lewensverhaal in kleurvolle lap



Hy weet nie presies wanneer hy gebore is nie, maar dit was heel moontlik in 1929. Hy weet wel dat hy onder 'n koeniebos langs die pad gebore is.


Die nag toe Jan Schoeman gebore is, was sy ouers op reis tussen plase. Hulle was skaapskeerders en het baie rondgetrek. Net nadat klein Jan gebore is, het sy pa gebid en gewens dat Jan iemand sal word wat "iets uit niets" maak.

Met ouers wat rondgereis het om te werk, het Jan as kind nooit 'n vaste adres gehad nie. Hy het egter sy kinderdae as 'n gelukkige tyd onthou. Outa (soos hy homself genoem het) het nooit sy skoolloopbaan voltooi nie. Hy het die skool in die middel van graad vier verlaat, en het altyd gesê dat hy "standerd twee-en-'n-half" het.

Toe hy ouer word, het hy begin om met 'n waentjie met sy paar besittings rond te trek. Hy het rommel en afvalmateriaal versamel en dit gebruik om pragtige kunswerke te skep. 'n Vriend van Outa het met gelapte klere kerk toe gegaan. Kinders spot hom toe. Dit het Outa so ontstel dat hy met helder stukke lap en goiingsak 'n jas gemaak het. Hy het dit gedra in protes teen die kinders se tergery, en hy het gou-gou die bynaam Outa Lappies gekry. Die kleurryke jas het sy uniform geword en hy was regdeur sy lewe bekend as Outa Lappies of die Lappiesman.

Daar was drie uitdrukkings wat Outa Lappies se lewensfilosofie opgesom het. Hy het sy pa se wens met sy geboorte aangeneem en altyd gesê: "Ek maak iets uit niets." Hy was ook lief om te sê: "Ek is gestuur om die aarde te versier." Oral waar hy gewoon het, selfs onder 'n boom, het hy kunswerke geskep wat die omgewing versier het. Sy derde uitdrukking, wat volgens hom die resep vir geluk is, was: "Besige hande en 'n rustige hart." Outa Lappies het dié uitdrukking gereeld in sy kunswerk uitgebeeld as die buitelyn van 'n hand met 'n hartvorm in die middel.

Outa Lappies se grootste nalatenskap is die stukkies lap waarop hy versies wat sy lewensverhaal vertel, borduur het. Hy het dit sy "chapters" genoem. Hy het hierdie lappies aan toeriste verkoop om aan die lewe te bly en om kos te koop vir al die huislose katte en honde wat hy versorg het.




Outa Lappies is op 7 Julie 2011 oorlede. Hy het aan brandwonde gesterf nadat sy jas aan die brand geraak het toe hy vuur gemaak het om water te kook.

Sy lewensverhaal is geskryf op die lappe van sy "chapters" en in die harte van die mense wat vreugde gekry het uit sy wysheid, lewenslus en unieke kuns.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dinsdag: 5 Mei




*Handboekverwysing p. 75-77*

Opskrif vir aktiwiteit: Biografie p. 77

Voltooi nommer 1-7.

1. Wanneer en waar is Outa Lappies gebore?
2. Watter wens het sy pa vir hom gehad?
3. Hoekom het hy nie skool klaargemaak nie?
4. Verduidelik waar hy sy bynaam gekry het.
5. Wat, dink jy, beteken "Ek is gestuur om die aarde te versier"?
6. Op watter manier het Outa Lappies hande in sy kunswerk uitgebeeld?
7. Sê of elk van die volgende stellings waar of onwaar is. Gee 'n bewys uit die teks om jou antwoord te staaf.
   a) Outa Lappies het in 'n ryk huis grootgeword.
   b) Hy was 'n ongelukkige kind.
   c) Outa Lappies was sensitief teenoor mense se probleme en het hulle probeer ondersteun.
   d) Outa Lappies het woorde kreatief gebruik.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 6 Mei

*Handboekverwysing p. 78*

Lees die liedjie oor Outa Lappies (geskryf deur Brian Finch) en beantwoord die vrae wat volg.

## Outa Lappies, waar is jy, my broer?

(*Brian Finch*)

Jou stories waai weg soos rolbos innie wind
Jy is vir ewig Karoo se kind
Patrone van jou lewe gelap innie kleure
Van jou ou jas wat jy om jou vou
As jy nou hartseer onthou.
Jou oë trek water as die son ondergaan
Met Boesmanstee en beskuitjies, laat jou alles verstaan
Met jou rug na die wind
Trek jy jou waentjie so swaar
Jou ou siel weet jou reise is klaar.
Van heinde en verre het die mense kom vra
Vir klippies van wysheid om saam te dra
Oppie stofpad vannie lewe
Waar die horison wink
Outa Lappies, jy's ewig Karoo se kind.
Outa Lappies, waar is jy, my broer?
Ek hoor jy's nog steeds innie Groot Karoo
Is dit waar jy bly langs die Prins Albert spoorlyn?
Soos die blare in winter het jy verdwyn.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woensdag: 6 Mei

*Handboekverwysing p. 78*

Opskrif vir aktiwiteit: Liedjie p. 78

## Verstaan die teks

1. Watter woorde in die titel wys dat die spreker na aan Outa Lappies voel?
2. Baie van Outa Lappies se kunswerk is deur toeriste gekoop. Hoe sluit die eerste reël van die liedjie hierby aan?
3. Lees reël 3 en 4 aandagtig. Op watter manier kan iemand se lewe soos 'n laslappiejas wees?
4. Noem een bewys dat Outa Lappies nie meer jonk is nie.
5. Wat wonder die spreker in die laaste strofe?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Donderdag: 7 Mei

Vandag gaan ons jou Afrikaanse periode in 2 gedeeltes van 30 minute opdeel.



| | |
|---|---|
| Eerste 30 min: | LEES |
| Tweede 30 min: | SPEL |




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Donderdag: 7 Mei

LAERSKOOL MIKRO

| Eerste 30 minute | Tweede 30 minute |
|---|---|
| Kry vir jou enige AFRIKAANSE leesboek, tydskrif, koerant, ensovoorts.<br><br>Jy gaan nou vir 25 minute jou lees oefen.<br><br>Nadat die 25 minute verby is, moet jy vir mamma, pappa, boetie of enige iemand by die huis in 2-3 minute vertel waaroor die storie gaan.<br><br>Jy moet in volsinne daaroor gesels en jy mag GEEN Engelse woorde gebruik nie. | In hierdie halfuur gaan jy die volgende 15 spelwoorde leer (Toets 2.3). Jy moet elke woord ten minste 5 keer neerskryf. Doen dit op enige stuk papier (nie in jou boek).<br><br>Nadat jy al die woorde geoefen het, moet jy 8 woordjies kies en 'n goeie sin met elkeen maak.<br>Hierdie sinne moet jy in jou Algemene Boek neerskryf.<br>Enige iemand by die huis kan die sinne merk wanneer jy klaar is.<br><br>Opskrif: Spelgroep 2.3 Sinne |

**TOETS 2.3**

grillerige
reflekteer
visuele
geheime
maniere
biografie
betekenis
toeriste
uitdrukking
buitelyn
filosofie
materiaal
idioom
skoolloopbaan
uniform

Let wel: Wees gereed om more jou speltoets te skryf. Ek gaan 10 woorde vir jou vra.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 8 Mei

Jy gaan nou jou speltoets vir die week skryf.
Opskrif: Speltoets 2.3

**JY MAG NIE NA DIE VOLGENDE SKYFIE KYK VOOR JOU TOETS NIE AFGEHANDEL IS NIE!! Net die persoon wat die woorde vir jou gaan lees, mag nou voor die rekenaar wees.**

Vra vir mamma of pappa om na die volgende skyfie aan te gaan om vir jou 10 woorde te vra.

Wanneer jy klaar geskryf is, kan mamma of papa jou spelwoorde merk.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 8 Mei

## Spelwoorde 2.3

1. grillerige
2. reflekteer
3. visuele
4. geheime
5. maniere
6. betekenis
7. toeriste
8. materiaal
9. skoolloopbaan
10. uniform

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 8 Mei

Voltooi asb. ook die volgende oefeninge in jou werkboek.

Opskrif: Woordbou

Nommer dit asb. nr. 1-4

**Verbind die volgende woorde deur van 'n verbindingsklank gebruik te maak:**

perd + stert = ______________________________

kind + boek = ______________________________

eet + tyd = ______________________________

kat + kwaad = ______________________________

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Vrydag: 8 Mei

Voltooi asb. ook die volgende oefeninge in jou werkboek.

Opskrif: Voornaamwoorde

Nommer dit asb. nr. 1-7.

**Gebruik een van die voornaamwoorde in onderstaande raampie om elke sin mee te voltooi:**

| **met wie, wat, waarmee, waarop, waarvan, waarsonder, waarlangs** |
|---|

Daar loop die man ______________________ ek die onderonsie gehad het.

Hierdie is die sonbril ______________________ ek nooit op die strand verskyn nie.

Dit is die pad ______________________ jy moet loop as jy vinnig by die winkel wil kom.

Dit is die ou ______________________ al die leuens versprei het.

Die perd ______________________ sy gery het, het in die sloot geval.

Hierdie is die kwaai onderwyser ______________________ ek jou vertel het.

Dit is die geweer ______________________ die jagter die leeu geskiet het.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dankie!

Jy het hierdie week se Afrikaans voltooi.

Ons sal al die memorandums vir jou volgende week aanstuur.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©